SAKE RAPPORT
Sunday, 29 June 2008, p. 8



Mnr. Rene Otto, uitvoerende hoof van die MiWay-versekeringsgroep.

Hersien jou versekering en kyk rond vir goedkoper, goeie opsies

DAVID VAN ROOYEN

Dit maak sin vir verbruikers om, terwyl hul besteebare inkomste onder druk is, rond te kyk vir goedkoper versekeringsopsies.

Mnr. Rene Otto, uitvoerende hoof van die nuwe regstreekse korttermynversekeraar MiWay, sê baie verbruikers neem versekering op hul voertuie uit en vergeet daarvan.

"Die premies word elke jaar verhoog, maar die verbruiker aanvaar dit omdat aan hom gesê word die stygings hou tred met inflasie. Veral as so 'n verbruiker nie groot eise indien nie, is hy geneig om hom nie veel aan sy versekering te steur nie."

Die versekeringsmark is egter deesdae baie mededingend en die nuwe toetreders tot die mark bied baie mededingende premies aan. Dit geld veral die regstreekse versekeraars wat die mark betree het.

"Dit maak dus sin om, voordat jy jou jaarlikse versekering hersien, 'n bietjie rond te bel en vas te stel of daar goedkoper opsies is."

Dit is egter belangrik dat verbruikers nie die goedkoopste aanbieding goedsmoeds aanvaar nie.

"Goedkoop versekering is nie noodwendig goeie versekering nie. Dit kan baie maklik gebeur dat 'n versekeraar sy premies laag hou deur die verbruiker se bybetaling skerp te verhoog."

"In so 'n geval kan die versekerde in geval van nood voor ernstige finansiële probleme te staan kom."

Otto sê die beste oplossing is om appels met appels te vergelyk.

Hy raai verbruikers ook aan om nie noodwendig 'n makelaar te gebruik wat verskeie versekeraars verteenwoordig en dan die goedkoopste produk vir jou vind nie.

"Praat ook met die regstreekse versekeraars, wat nie van makelaars se dienste gebruik maak nie. Dit kan groot besparings meebring."

Otto sê sommige verbruikers verkies makelaars omdat hulle veronderstel is om 'n nasorgdiens te bied, maar sommige regstreekse versekeraars is deesdae ook op goeie kliëntediens ingestel.

"Dit kan dalk die moeite werd wees om self rond te bel of aanlyn 'n kwotasie te kry sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem."